PINKSTER 2011: IN DIE VOETSPORE VAN BARNABAS

1. BARNABAS DIE BEMOEDIGER – HAND 4:32-37
Die Heilige Gees versprei die evangelie deur vrygewigheid (*vrygewigheid*)

‘n Klein bietjie kan baie word
In die begin van die vorige eeu het daar eendag ’n huilende dogtertjie naby ’n klein kerkie gestaan. Sy is gevra om terug huis toe te gaan, want daar was nie plek vir haar nie. “*Ek kan nie Sondagskool toe gaan nie”* het sy huilend vir die predikant gesê wat daar verbygeloop het. Toe hy haar stukkende klere sien, het hy dadelik vermoed wat die eintlike rede was. Hy het haar hand geneem en haar na ’n klassie geneem. Die kind was so diep daardeur geraak dat sy daardie nag gelê en dink het aan al die ander kinders wat geen plek het om van Jesus te leer nie.
So twee jaar later het dieselfde dogtertjie ernstig siek geword en gesterf. Die predikant is deur haar ouers ontbied. Toe hy by die vervalle woonstelblok kom, het hulle hom gevra om hul dogter se begrafnis waar te neem.
Hulle het aan hom ’n kleinerige beursie gegee. Binne-in was ’n briefie en 57 sent. In die briefie het die volgende woorde in kinderskrif geskryf gestaan:
*“Hierdie geldjie is om die klein kerkie te help om iets groter te bou sodat meer kinders daarnatoe kan gaan.”*
Vir twee jaar lank het die dogtertjie gespaar aan haar 57 sent! Die predikant het daardie Sondag die briefie van die kansel aan sy gemeente voorgelees. Hy het die gemeente uitgedaag om daarop te reageer. Dit was net die begin van die 57c se impak....
’n Koerant het van die storie te hore gekom en dit gepubliseer. ’n Grondbaron het in die koerant daarvan gelees en ’n stuk grond, wat der duisende werd was, vir die kerk aangebied. Hulle het hom egter laat weet dat hulle dit nie sal kan bekostig nie. Hy het hulle toe terug laat weet dat hy dit aan hulle vir 57 sent sal verkoop !
Binne vyf jaar is daar toe genoeg geld ingesamel om ’n nuwe kerk te kon bou. As jy eendag in Philadelphia kom, gaan besoek gerus die Temple Baptist Church met sy sitplek vir 3,300 mense. En ook die Temple Universiteit, waar honderde studente opgelei word. Kyk goed na die Good Samaritan Hospitaal en na die Sondagskool sentrum waar honderde kinders elke Sondag bymekaarkom. Niemand word ooit meer die deur gewys nie.
Binne die Sondagskoolsentrum sal jy ’n skildery van ’n klein dogtertjie sien. Dis haar 57 sent wat God so wonderlik gebruik het. Ons bietjie word altyd baie in God se hand! Onthou jy nog die seuntjie met sy 2 vissies en vyf broodjies? (Joh. 6 :1-15)

Uitstorting van die Heilige Gees
Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster net na Jesus se Hemelvaart het ’n ongelooflike impak gemaak op die lewens van die eerste gelowiges. Drieduisend mense is by die getal van die gelowiges gevoeg (Hand 2:41). Die kerk het met ’n publieke *knal* tot stand gekom: die geluid van ’n geweldige stormwind en tonge van vuur wat almal verbaas en uit die veld geslaan het, Perse, Romeine, Arabiere … (Hand 2:5-13). Almal wat daar was se lewens is verander. Niks kon ooit weer dieselfde wees nie.
Wat doen hulle?

Lukas vertel ons dat die gelowiges in die eerste plek hulleself aan God en in die tweede plek aan mekaar gegee het. Hulle het hulle 1) toegelê op die leer van die apostels en gebed, en 2) hulle het hulle toegelê aan hulle verbondenheid aan mekaar en daarom gereeld saamgeëet (Hand 2:42). Hierdie verbondenheid aan mekaar het ingesluit dat hulle in hulle eensgesindheid alles met mekaar gedeel het sodat elkeen se behoeftes in die nuwe gemeenskap bevredig kon word (Hand 4:44-45). Die gemeente van Jerusalem het dus van die begin af 'n vrygewigheid gedemonstreer teenoor mekaar in hulle onderlinge mededeelsaamheid. Dit het die grondreël van die Christelike gemeenskap vasgelê dat Christene nooit hulle medemense aan hulle lot oorlaat nie. Hulle leef dus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, soos die Here Jesus dit self vir hulle geleer het.
Maar onthou, dit was 'n arm gemeenskap wat nie baie middele gehad het nie. En in 'n sekere sin is dit makliker om te gee as jy min het …

God seën hulle deur die vrygewigheid van Barnabas

En dan doen die Here 'n wonderlike ding. Hy gee vir hulle 'n groot geskenk, beide in terme van die stuk grond (of plaas) wat Barnabas verkoop, en in terme van Barnabas self wat 'n gawe van God aan die breë kerk sou word. Dit is belangrik om God se hand hierin te sien. Oor eeue, beide in die Ou en Nuwe Testamentiese tydperk, weet gelowiges dat God die bron van vrygewigheid is. Dawid bely dit in sy gebed wanneer die volk en hy hulle offergawes vir die bou van die tempel bring: *"want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het"* (1 Kron 29:14). Wanneer ons vrygewig is, is ons sy beelddraers, eer ons Hom daardeur. Wanneer ons dit NIE is nie, steek ons Hom in die skande, mis ons ons doel, sondig ons. Hy is SO vrygewig dat Hy selfs sy enigste Seun gegee het (Rom 8:32).
Die eerste ding wat Barnabas in die gemeente doen, soos Lukas dit vir ons vertel, is dat hy die stuk grond wat hy gehad het, verkoop en die opbrengs daarvan vir die kerk van Jerusalem gee (Hand 4:36-37).

- Die Here kon Barnabas se dankoffer gebruik om die eerste gemeente finansieël te bemoedig en te laat oorleef. Sonder sy vrygewigheid sou die gemeente baie moeilik 'n basis kon wees vir die groei van die koninkryk in die eerste paar dekades van ons jaartelling. Dit bemoedig hulle vir die groot taak wat vir hulle voorlê. Barnabas in Hebreeus beteken: *"seun van bemoediging/ vertroosting".* Geen wonder dat die gemeente Barnabas hierna só noem nie. Sy naam was eintlik van geboorte af Josef. Hy is egter Barnabas deur die apostels genoem, omdat hy die gawe van bemoediging gehad het.

Vrygewigheid raak 'n lewenstyl

Barnabas se geskenk bevestig 'n nuwe manier van leef, stel 'n navolgingswaardige voorbeeld vir die toekoms van die kerk.
Paulus sou veel later hieroor skryf: *"Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms…*" (1 Tim. 6:9-19).

Vrygewigheid kan ook in gebrek gesien word

Dit is nie die grootte van die gawe wat vrygewigheid bepaal nie, maar die hart waarmee dit gegee word. 'n Mens kan selfs in jou gebrek vrygewigheid wys. Dit is die betekenis van die verhaal van die arm weduwee. Terwyl baie ryk mense baie geld ingegooi het, het 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi.

Maar Jesus het sy dissipels nader geroep en dit as 'n les in vrygewigheid gebruik: *"Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe"* (Mark 12:43-44). Vrygewigheid is dus ook moontlik in gebrek, en nie net in oorvloed nie. Dink weer aan die dogtertjie: 57c kan 'n geweldige verskil maak.

Lukas gebruik Barnabas se verhaal om te demonstreer hoe die Gees gawes gee en gebruik om die evangelie te laat versprei.

Vrygewigheid

Dit bring ons by die praktiese kant van die boodskap. Ons moet immers hierop reageer – dit ons eie maak, en deel van ons eie lewenstyl.

Vrygewigheid kan as volg beskryf word:

| |
|---|
| Vrygewigheid is om behoeftes raak te sien en vrywillig met jou gawes en geleenthede daarby betrokke te raak. Vrygewigheid is om in die praktyk te demonstreer dat alles wat jy het en is van God af kom (Hand 17:25). Dit is om sistematies en doelbewus God se liefde aan ander te bewys deur jou bronne en gawes met hulle te deel – fisies, intellektueel, emosioneel, sosiaal, finansieel, materieel, vaardighede en geestelik. |

Hoe kan ons die geestelike gewoonte van vrygewigheid beoefen? Hier is 'n paar opsies om jou gedagtes te stimuleer: (Bybelstuidegids p 23)

- Maak 'n lys van goed wat jy nie regtig meer nodig het nie. Oorweeg biddend met wie jy dié goed kan deel en gaan beoefen vrygewigheid deur hulle daarmee te seën.

- Maak 'n lys van goed wat mense in jou gemeenskap nodig het. Vra die Here om een van dié behoeftes op jou hart te lê. Oorweeg watter bronne jy het om daarin te voorsien, en gaan verryk ander se lewens deur jou vrygewigheid.

- Maak 'n lys van dinge waaraan jy verknog is – besittings, tegnologie, ontspanning. Oorweeg biddend hoe jy kan terugsny daarop om tevrede te wees met minder. Kies een van dié dinge en stel jouself vry daarvan deur dit vir iemand anders te gee.

- Kry 'n paar vriende en begin saam met hulle 'n diens gebaseer op julle bronne en gawes. Konsentreer op die vrygewige deel van dít waarmee

God julle geseën het.  Dit sal blydskap bring nie net vir dié wat daarby baat nie, maar vir julleself ook.

- Amen.

Ruim geleen by: Barnabas vir kleingroepe – ‘n nuwe manier van leef – Chris van Wyk; Nico Simpson; Frederick Marais. Bestel by Bybelmedia.